Hoe om 'n woer-woer te maak

'n Woer-woer is 'n baie ou en eenvoudige goedkoop speelding, wat kinders self kan maak. Voor die Groot Trek is daar alreeds met woer-woers in Europa gespeel.

Graad: Gr 0 tot 4 | **Onderwerp:** Speelgoed

Stappe

1. Jy benodig:

- 'n lengte stewige dun tou so 80 cm lank;
- 'n groot veel- of helderkleurige knoop bv. 'n jasknoop met twee groot gaatjies waardeur die toutjie kan pas.

2. Metode: Steek een punt van die tou deur eers die een en dan deur die ander gaatjie van die knoop en knoop die punte stewig vas.
3. Hou nou die punte van die dubbele tou een in elke hand met die vingers vas. Laat nou die knoop slap hang aan die tou. Wen 'n paar kere op.
4. Trek die toutjie styf deur jou hande weg van mekaar te trek en gee dan weer skiet. Die knoop behoort heen en weer te spin soos die toutjie begin oprol, en weer afrol met die heen en weer trek.

Wenke

1. Hoe groter en veelkleuriger die knoop, hoe mooier die effek en die klank wat dan gemaak word.
2. 'n Stukkie gebreekte plastiekliniaal kan ook gebruik word, so 10-12 cm lank. Skuur die punte gelyk met skuurpapier en boor twee gaatjies daarin.

Waarskuwing

1. Die tou kan breek, dan skiet die knoop. Wees ook versigtig dat die tou nie knoop nie.